

9 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:12-16; 1 Petrus 3:13-19

Fokusgedeelte: Matteus 5:11, 12

Beledig ... en tog vol vreugde!

Dit bly 'n vreemde, moeilike gedagte dat mens bly kan wees wanneer jy beledig en vervolgd en valslik al wat sleg is van jou gesê word ...

Het jy al ter wille van Christus gely? Sekerlik was dit vir ons in Suid-Afrika nog nooit nodig om met ons lewens te boet (soos in die vroeë kerk en ander lande vandag) nie. Maar dit wat Jesus hier noem, naamlik beledig en valslik jou slegsê (laster), is die tipe vervolging wat Christene die algemeenste moet verduur. Dalk het jy dit al self verduur. Mense wat skielik agter bakhande begin fluister as jy die kantoor binnekom en leedvermakerig lag. Maats wat jou prontuit uitlag en skeldname noem omdat jy nie meedoen aan hulle onverskillige leefstyl nie. Jy vorder nie in jou loopbaan nie, omdat jy 'n eerlike rekenmeester is. Hierdie tipe "vervolging" is sekerlik dit wat die seerste maak – moord op jou siel! En ongelukkig ook iets waaraan die minste gedoen kan word.

Hoe reageer jy daarop? Moenie probeer vergeld nie, in eie munt probeer terugbetaal nie. Moet ook nie met 'n wrok in jou hart rondloop of moedeloos en depressief raak nie. Nog minder: Moenie ophou om tot eer van Christus te leef nie. Wees bly en verheug! *"Dit is 'n bewys dat die Gees aan wie die heerlijkheid behoort, die Gees van God, op julle bly"* (1 Pet. 4:14). Dit is die finale bevestiging dat jy nie net in naam nie, maar werklik 'n kind van God, burger van die hemelse koninkryk is! Dit is as't ware die betalingsbewys van jou loon in die hemel! 'n Betaling wat Jesus vir jou gemaak het, "Christus (wat) ook eenmaal vir die sondes gely het, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God toe te bring ..." (1 Pet. 3:18).

Watter groter vreugde is daar as dit?

Sing: Skrifberyming 1-1:7

Ds. HC van Rooy (Randburg)